

Donderdag 24 Maart
Skrifgedeelte: Psalm 5:1-13
Fokusgedeelte: Psalm 5:4

Wag met sekerheid

Psalm 5 is 'n gebed wat koning Dawid vroeg in die oggend voor die Here bring: “In die môre, HERE, sal U my stem hoor.” En tog, alhoewel die eerste daglig deurskemer, pak die donker wolke om Dawid se gemoed saam. Hy verkeer in geweldige nood. Hy word omring met goddeloses en kwaaddoeners (vs 5), leuensprekers en bloedvergieters (vs 7).

Dawid beleef geweldige onreg teen hom – en dan bid hy vir reg om te geskied. Hy wend hom tot die HERE, “my Koning en my God” (vs 3). Hy vind berusting in die huis van die HERE (vs 8). Hy lê sy nood oop en bloot voor die Almagtige Skepper van hemel en aarde – en dan wag hy: “in die môre sal ek dit aan U voorlê *en afwag*” (vs 4).

Die woord “afwag” sou ons hier ook kon vertaal met die woorde “op die uitkyk wees vir”. Dit is om te kyk vir iets wat jy wêét op die punt is om te kom. Só wag Dawid gelowig op die HERE om reg te laat geskied. Hy beleef nood. Hy het gebid. Nou wag hy. Dag in en dag uit, môre vir môre is hy aktief op die uitkyk vir die uitkoms wat God sal gee.

Hier is sprake van wag met sekerheid. Die rede hoekom Dawid met soveel sekerheid kan wag, is omdat Hy weet wie die HERE is. “U is nie 'n God wat welbehae het in goddeloosheid nie”, “U haat al die werkers van ongeregtigheid”, “U sal die leuensprekers laat omkom”. Dit is gelowige gebed en afwagting.

Geloof is kennis van God en vertrouwe in God. Kennis dat God die sonde haat, en vertrouwe dat Hy reg sal laat geskied. Dit is ook kennis dat God sy kinders ter wille van Christus bewaar, en 'n vertrouwe dat ons op grond van sy genade by Hom mag skuil (vs 12).

As gelowiges beleef ons self by tye baie onreg in hierdie wêreld. Ons ly onregverdig, ons word bespot, ons word eenkant geskuif. Tog staan ons nood nie los van Christus se onregverdige lyding en bespotting wat Hy aan die kruis ter wille van ons volbring het nie. In Christus mag ons lyding verdra. Deur ons Middelaar mag ons ons versugtinge voor ons Koning en ons God uitstort. En dan wag ons. “Laat u koninkryk kom”, bid ons – en ons kyk stip uit na die Here wat sy kerk sal bewaar en die werke van sy vyande sal vernietig.

Sing: Psalm 5-1:1-3

Ds. MD Meijer (Dirk) (Bloemburg)